

VELDKOOK (A)

Graad 2



A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Te leer om oor 'n oop vuur hulle eie kos voor te berei.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Bewus wees van die gevaar van 'n oop vuur.
2. Weet waar dit veilig is om 'n vuur te maak.
3. 'n Vuur aanpak en met 'n vuurhoutjie aansteek.
4. Die volgende op die oop vuur voorberei:
 - 'n aartappel / patat in foelie
 - stokbrood / roosterkoek
 - wors braai
 - water kook vir koffie.
5. Weet hoe om die vuur te blus.
6. Alles netjies opruim.
7. Weet hoe om 'n ligte brandwond te behandel.

C AANBIEDING

1. Vereiste 1-3. Gee baie aandag hieraan. Vuur bly vir die kind betowerend al is dit lewensgevaarlik. Dit moet sover moontlik in die veld gedoen word en elke kind moet deelneem. Benut die inligting in die Graadwielboeke.
2. Vereiste 4. Goeie beplanning is belangrik vir sukses. Elke spanlid kan van die kosvoorraad van die huis af bring of die Offisier kan dit uit die spanfonds koop. Om die avontuur meer te maak laat die kinders in die veld stap en terwyl hulle stap, soos in 'n skattejag, al die kos versamel wat hulle nodig sal hê vir hulle kosmaak oefening. Spoorsnytekens kan hier ingebou word om die roete aan te dui.
3. Vereiste 5. Sorg vir volwasse toesig en hulp by die vuur en ook met die voorbereiding van die kos. Demonstreer verskeie metodes om die vuur te blus en beklemtoon voortdurend die gevaar van vuur en die noodsaaklikheid van toesig oor oop vure.
4. Vereiste 6. Leer die kind dat dit een van ons Voortrekkerkode se reëls is om ons natuur te bewaar en dit daarom nodig is om op te ruim. Gebruik die geleentheid vir saamsing (Dis net 'n worsie...)
5. Vereiste 7. Demonstreer prakties, met die nodige hulpmiddels, hoe om die brandwond te behandel. Gee geleentheid dat elke spanlid dit ook doen.